



01 Oktober 2019

Alle SSK Graanprodusente

SAADBESTELLING VIR KOMMERSIËLE GRAANSAAD & CANOLA

Aangeheg SSK saadbestelvorms en inligting.

SSK wil die bes moontlike diens en produk aan sy lede lewer. In die proses streef SSK ook daarna om sy saadaankope en voorraad optimaal te bestuur. Samewerking van produsente in hierdie verband is uiters belangrik. U word dus vriendelik versoek om kennis te neem van onderstaande reëlings ten einde hierdie proses tot voordeel van SSK en sy lede te kan bestuur.

1. Indien graan vir saaddoeleindes verlang word moet die aangehegte vorms voltooi en ingehandig word voor of op **1 Desember 2019**.
2. Saad wat na 1 Desember 2019 bestel word en wat dus spesiaal vir die produsente wat laat bestel het by ander instansies aangekoop word, sal noodgedwonge teen die duurder prys van die aangekoopte saad gefaktureer word.
3. Slegs skriftelike kansellasies van saad sal aanvaar word. Enige produsent wat meer as 10 % van sy aanvanklike bestelling kanselleer of terugbring en die saad kan nie weer aan iemand anders verkoop word nie, sal vir die drakoste daarvoor gefaktureer word.
4. Saad wat bestel is voor 1 Desember 2019, sal tot 10 Mei 2020 in voorraad gehou word. Dit sal nie sonder die toestemming van die eienaar aan 'n ander produsent wat na die sluitingsdatum bestel het, verkoop word nie. Alle bestellings verval egter na 10 Mei 2020. Daarna sal saad in voorraad op 'n "first come, first serve" verkoop word of saad sal volgens bestelling vir produsente skoongemaak of aangekoop word. Die datum van 10 Mei kan na gelang van die seisoen aangepas word om produsente ooreenkomstig die verloop van die seisoen te akkomodeer.
5. Geen grootmaatverpakkings word teruggeneem vir herverkoop nie. Neem dus die laaste hoeveelhede van 'n soort in die vorm van klein sakkies (50 kg), ten einde die oortollige saad te kan terugbring. Slegs oorspronklike verseëde sakkies (50 kg en 25 kg) sal terug ontvang word.
6. Saad wat net in 50 kg sakkies beskikbaar is, sal in massasakke oorgeskud word as die tyd dit toelaat. Produsente moet dit asseblief net vooraf met die betrokke silobedryfsbestuurder reël.
7. Fakturering van saad sal geskied op die dag wanneer saad afgehaal word.

SSK

SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BPK

SENTRAAL-SUID CO-OPERATIVE LTD

GEREGISTREER Kragtens WET NR. 14 VAN 2005 / REGISTERED IN TERMS OF ACT NO.14 OF 2005

FSP Lisensie Nr. 1107 / FSP Licence No. 1107

1943/000002/24

NKR Lisensie Nr. 165 / NCR Licence No. 165

HOOFKANTOOR/ HEAD OFFICE: Voortrekstraat 34 / 34 Voortrek Street, Swellendam 6740, Posbus / P. O. Box 12, Swellendam, 6740

Tel: (028) 514 8600, **Faks / Fax:** (028) 514 8656, **Epos / Email:** info@ssk.co.za

Direkteure/ Directors: D.H. van Papendorp (Voorsitter/Chairperson), S.W. Viljoen (Onder-Voorsitter/Vice Chairperson), J.N. de Kock, P.S. Uys, A.J. Steyn, M.J. Odendaal, F.J. Lourens, J.M. Joubert, M.S. Streicher, M. Pienaar, J.E. Robertson

8. Koring word chemies behandel met Orius (Tebukonasool). Gars word behandel met Redigo (Prothiokonasool) en hawer word met Shavit (Triadimenol) behandel. Koringsaad sal volgens bestelling met Galmano Plus (Fluquinkonasool), Biocult of Ronsek/Seedoprid (Imidaklopried) behandel word indien produsent dit sou verkies. Garssaad sal ook met Ronsek/Seedoprid (Imidaklopried) of Biocult behandel word indien produsent dit sou verkies. Saad wat met Galmano Plus of Biocult behandel word, kan nie gekansseleer word nie en geen krediet word vir die Galmano Plus en Biocult behandelde saad wat teruggebring word, gegee nie. Hier kan egter n uitsondering gemaak word indien SSK daarin kan slaag om die saad hierbo genoem namens die produsent te verkoop waarop dan krediet gegee sal word.
9. Alle saad wat met ander produkte as bogenoemde behandel word, word op die produsent se eie risiko gedoen.
10. Die kultivars wat beskikbaar is verskyn op die saadbestellingsvorm.
11. Saad wat nie deur SSK self vermeerder word nie en wat spesifiek vir 'n produsent se behoeftes aangekoop/bestel word, moet alles geneem word. Geen kansellasië daarvan sal aanvaar word nie.
12. Ontkiemingstoetse sal daaglik tydens die skoonmaakproses gedoen word om te verseker dat 'n hoë standaard gehandhaaf word.
13. Geen telefoniese saadbestellings sal aanvaar word nie. Slegs die voorgeskrewe SSK saadbestelvorm wat deur die produsent self geteken is, sal aanvaar word. Dit geld ook vir kansellasië of die verandering van bestellings.
14. Massasakke kan vanaf 15 Junie tot einde Julie ingehandig word. Massasakke wat beskadig of baie vuil is, sal nie gekrediteer word nie.
15. **Handig asb. die aangehegte saadvorm voor of op 1 Desember 2019 by u naaste depot in, faks dit na 028 - 5148903 of e-pos aan gerdus.steyn@ssk.co.za of petro.heyneman@ssk.co.za**

Navrae in verband met saad kan gerig word aan:

Gerdus Steyn Tel (028) 514 8687
 Sel (082) 521 4515
 E-pos gerdus.steyn@ssk.co.za

U samewerking word waardeer.



CH DE BEER
 HOOFBESTUURDER: BEDRYWE

SSK

SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BPK

SENTRAAL-SUID CO-OPERATIVE LTD

GEREGISTREER Kragtens WET NR. 14 VAN 2005 / REGISTERED IN TERMS OF ACT NO.14 OF 2005

FSP Lisensie Nr. 1107 / FSP Licence No. 1107

1943/000002/24

NKR Lisensie Nr. 165 / NCR Licence No. 165

HOOFKANTOOR/ HEAD OFFICE: Voortrekstraat 34 / 34 Voortrek Street, Swellendam 6740, Posbus / P. O. Box 12, Swellendam, 6740

Tel: (028) 514 8600, **Faks / Fax:** (028) 514 8656, **Epos / Email:** info@ssk.co.za

Direkteure/ Directors: D.H. van Papendorp (Voorsitter/Chairperson), S.W. Viljoen (Onder-Voorsitter/Vice Chairperson), J.N. de Kock, P.S. Uys, A.J. Steyn, M.J. Odendaal, F.J. Lourens, J.M. Joubert, M.S. Streicher, M. Pienaar, J.E. Robertson